

26 April

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 3:18-24**  
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 3:23-24**

### **Leef in gehoorsaamheid aan God**

Gehoorsaamheid is gewoonlik 'n positiewe woord met positiewe gevolge. In die oorspronklike Bybelse taal word 'n woord gebruik waaruit ons die Afrikaanse woord *akoestiek* kan aflei. Goeie akoestiek is nodig om goed te kan hoor en goed gehoor te kan word. Gehoorsaam beteken dat jy nie net goed hoor nie, maar luister. Luister is hoor, verstaan en jou eie maak, sodat dit weer in jou daade kan uitkom. Dit is om in te neem, deel van jou te maak en dan uit te leef. (Lees 1 Samuel 15:22.) Die betekenis van *gehoor gee aan, nakom en onderdanig wees aan*, beskryf verder wat gehoorsaamheid is. Dit is hoor, luister en doen!

As gelowige moet jy luister na God, moet jy sy Woord gehoorsaam, aan Hom onderdanig wees. Jou lewe staan in sy diens. Jou gehoorsaamheid moet ook vandag in jou lewe uitkom. In 1 Johannes 3:24 staan: *Wie God se geboorte gehoorsaam, bly in God en God in Hom*. Jou gehoorsaamheid kom na vore in jou daade, in jou geloof wat vrugte dra. Oral, elke dag en nie net Sondae in die kerk nie. Oral waar jy in God se koninkryk besig is. Liefde moet nie net woorde en lippetaal wees nie, maar met die daad bewys word. Paulus sê dat die koninkryk van God nie 'n saak van praatjies is nie, maar van krag (1 Kor. 4:20). Hoekom moet jy gehoorsaam wees? God vra dit! In Spreuke 11:5 leer God dat die gehoorsaamheid van die opregte sy pad gelyk maak. Spreuke 12:28 sê dat gehoorsaamheid aan God tot die lewe lei. Dit is 'n pad wat nie na die dood lei nie. Die Here leer ook dat ons Hom meer gehoorsaam moet wees as mense. Christus het vir jou die voorbeeld kom stel. Hoewel Hy die Seun van God is, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat volmaakte gehoorsaamheid is. Tot in die dood toe. Jy is gehoorsaam uit dankbaarheid vir die redding in Christus wat jy ontvang het.

Die Here vra gehoorsaamheid van jou. Hy leer jou ook wat dit is en hoe jy dit moet uitleef. Doen dit vandag en die res van jou lewe. Die Heilige Gees gee jou die krag om dit te kan doen. Dan is jy op die pad wat na die ewige lewe lei.

*Sing: Skrifberyming 33 (2-4):1, 2, 3*

*Ds. W Vogel (Cachet)*